

RIGLYNE VIR DIAKENS

Baie welkom by ons Strand-Noord Kerkraadspan. Mag jou diens vir jou tot groot vreugde en vervulling lei. Die taakbeskrywing vir ons diakens kan as volg uiteengesit word:



1. Eredienste

Die diens van die diaken begin met by ons gemeentelike aanbidding tydens die erediens en daarom is dit dringend noodsaaklik dat ons diakens die eredienste getrou sal bywoon – ook die aanddiens moet nie afgeskeep word nie

Diakens word versoek om ten minste 30 minute voor die aanvang van die oggenddiens in die konsistorie te wees. Met aandkerk geleentheid kan jy direk na die kerk gaan.

1.1 Deurdiensbeurte:

- Diakens doen volgens opgestelde lyste by beide oggenddiens diens by die voordeure.
- Dié diakens moet asseblief 30 min. voor die diens in die voorportaal wees.
- Aankondiging word dan uitgedeel en kerkgangers, veral vreemde besoekers, word verwelkom.
- 08:30-erediens: wanneer wydingslied gesing word, gaan sit diakens op bankie agter in kerk sodat hulle, indien nodig, vir laatkommers plekke kan aanwys en/of stoele kan indra.
- Hierdie diakens neem ook die deurkollekte na die diens by die voordeure op. Leierdiaken sal betyds kollektebordjies hiervoor voorsien.
- Diakens moet vooraf uitruil indien hy/sy nie die betrokke Sondag, volgens die lys, diens kan doen nie.

1.2 Bediening van die nagmaal

- Diakens skink die Sondagoggend om 07:00 die wyn in die kombuis. Vir 'n aandnagmaal sal die leierdiaken reëlings tref vir die skink van die wyn.
- Die twee diakens op die punt van die voorste ry verwyder die tafelkleed en vou dit op wanneer die leraar vra dat die tafel in gereedheid gebring word.

1.2.1 Bediening van brood:

- 08:30 erediens - Ses diakens in die agterste ry bedien die brood. Nadat die leraar die tafelgebed gedoen het en die prosedure vir die gebruik van die simbole verduidelik het, staan die ses diakens op en neem die broodborde van die leraar wat die sakrament bedien. Brood word bedien soos die onderstaande skets toon.

🚦 10:00-erediens: Die leierdiaken tref die reëlings vooraf.

1.2.2 Bediening van die wyn:

- 08:30-diens - Die sewe diakens in die voorste ry bedien altyd die wyn.
- Nommer 1 ontvang eerste 'n wynstaander van die leraar en bedien eerstens die oorblywende ouderlinge in die ouderlingsbank. Daarna bedien hy soos die onderstaande skets aandui.
- Diakens 2 tot 6 bedien soos die skets toon.
- Diaken 7 neem brood en wyn na die konsistorie en bedien daarna die galery.
- Die leierdiaken (9) en nog 'n diaken (8) kom staan naby die nagmaalstafel en sodra 'n diaken wat wyn bedien, se kelkies opraak, neem hy/sy 'n vol wynstaander na die betrokke diaken en bring die leë wynstaander na die tafel. Die diakens wat by die banke bedien, sal sy/haar hand opsteek wanneer sy/haar kelkies opraak.

🚦 10:00-erediens: Leierdiaken tref die reëlings vooraf.

1.2.3 Na die bediening:

- Diakens wat klaar brood en wyn bedien het, kom in die voorportaal bymekaar en rangskik hulself in volgorde – dié wat brood bedien het, vóór en dié wat wyn bedien het, agter.
- Nadat die leraar gevra het of iemand per abuis oorgeslaan is met die bediening, word diesulkes deur een of twee van die diakens bedien.
- Hierna stap die hele ry diakens in en word die bordjies en wynstaanders aan die leraar alléén oorhandig.
- Daarna neem almal plaas in die diakensbanke.
- Twee ouderlinge bedien dan die brood en wyn aan die diakens.

- Die leraar spreek die instellingswoorde vir die sakrament en almal gebruik gelyktydig nagmaal.
- Nadat die diens afgesluit het, neem kerkgangers hulle kelkies na die deure en plaas dit in die emmertjies.

1.3. Opneem van kollektes

1.3.1 Eerste diens: 08:30

Banke: Die sewe diakens in die voorste ry van die diakensbank neem die kollektes op soos op die onderstaande skets aangedui.

1.3.2 Gesinserediens: 10:00

Banke: Leierdiaken sal kollektering met die diakens koördineer.

Deure: Leierdiaken tref reëlins met teenwoordige diakens.

1.3.3 Aandkerk: Kollektes word na sang opgeneem

1.3.3 Alle diakens wat kollekteer het, banke en deure, help met die sortering van die geld na die diens.

Twee diakens sluit die sakkies met geld in die kluis toe en teken die register.

2. Ander Werksaamhede



2.1. Dankofferkoeverte

Sonder die gereelde insameling van dankoffers kan ons gemeente en sy werksaamhede nie voortgaan nie. Daarom is ons baie dankbaar vir elke diaken wat ook hierdie belangrike aspek van sy /haar roeping met getrouheid nakom.

2.1.1 Dankofferkoeverte moet gereeld uitgedeel word soos lidmate dit verkies, d.w.s. kwartaalliks, halfjaarlik of jaarlik.

2.1.2 Vóór uitdeling word elke koevertjie by die kerkkantoor voorsien van 'n wyksnommer en lidmaatnommer volgens die lidmaatregister. Die betrokke maand word ook op die koevertjie aangedui.

2.1.3 'n Minimum van vier wyksbesoeke per jaar word verwag.

2.1.4 Verspreiding van dankoffer- en ander koeverte kan as volg geskied:

- November vir Desember, Januarie en Februarie
- Februarie vir Maart, April en Mei plus Plaaslike Sendingkoevert en Dankfeesinsameling
- Mei vir Junie, Julie en Augustus plus Vrouedienskoevert.
- Augustus vir September, Oktober en November plus Vrouedienskoevert en Sinodale Sendingkoevert.
- Ander koeverte as dankofferkoeverte moet aan elke besoekpunt uitgedeel word. (Ingesluit debietorderbydraers)

2.1.5 Dankofferkoeverte word Maandagoggende oopgemaak. Die afgehandelde koeverte word op rekenaar aangeteken en 'n kwartaallikse verslag word aan diaken en ouderling gegee. Konsulteer met die ouderling indien dit blyk dat daar lidmate is wat nie koeverte ingee nie.

2.1.6 Dankofferbydraes en kollektes word Maandagoggende deur vrywilligers getel.

2.2 Vergaderings:

2.2.1 Kerkraadsvergaderings

Dit is verpligtend dat diakens die kerkraadsvergaderings getrou bywoon.

Indien 'n diaken nie die vergadering kan bywoon nie, moet hy/sy by die kerkkantoor of ouderling verskoning aanbied.

2.2.2 Kommissies

Die kerkraadskommissies kan nie effektief funksioneer as die diakens wat op die kommissies dien, nie die kommissievergaderings getrou bywoon nie. Wees asseblief getrou in u bywoning en insette.

2.3 Wyksbyeenkomste

Diakens word versoek om die wyksbyeenkoms waarin hy/sy dien, by te woon.

3. Posvakkies:



- Elke diaken het 'n rakkie met die wyk se nommer aan die onderkant van die rakkie in die konsistorie.
- In hierdie rakkie word die dankofferkoeverte, kennisgewings, korrespondensie, ens. geplaas.
- Diakens moet asseblief gereeld aandag aan die inhoud van die rakkie gee.